8 AUGUSTUS 2010 **AANDDIENS**

PASTOOR DION VD MERWE

DIE BOEK EFESIëRS
EFESIëRS 2: 11 EN 12

“Daarom, onthou dat julle wat vroeër heidene in die vlees was en onbesnedenes genoem word deur die sogenaamde besnydenis wat in die vlees met hande verrig word,
dat julle in dié tyd sonder Christus was, vervreemd van die burgerskap van Israel en vreemdelinge ten aansien van die verbonde van die belofte, sonder hoop en sonder God in die wêreld.”

EEN NUWE MENSHEID!!!!!

Inleiding

Gelowiges het hulle nuwe posisie te danke aan Jesus Christus.

Eers word die prentjie geskets waar mens totaal verlore was sonder God. Vêr van God.

Nou kom die Here en Hy breek mure af tussen Jode en nie Jode. Sogenaamde Heiden nasies.

Sodat daar nou ‘n nuwe **mensheid** tot stand kan kom.

Efesiërs 2:13-18 “Maar nou in Christus Jesus het julle wat vroeër ver was, naby gekom deur die bloed van Christus.
Want Hy is ons vrede, Hy wat albei een gemaak en die middelmuur van skeiding afgebreek het deurdat Hy in sy vlees die vyandskap tot niet gemaak het, naamlik die wet van gebooie wat in insettinge bestaan; sodat Hy, deur vrede te maak, die twee in Homself tot een nuwe mens kon skep en albei in een liggaam met God kon versoen deur die kruis, nadat Hy daaraan die vyandskap doodgemaak het.
En Hy het die evangelie van vrede kom verkondig aan julle wat ver was en aan die wat naby was; want deur Hom het ons albei die toegang deur een Gees tot die Vader.”

Julle wat vroeër ver was – naby gebring deur die **bloed** van Jesus Christus.

NABY GEBRING DEUR

BLOED VAN JESUS CHRISTUS

Dit het ‘n offer gekos.

Vers 14 Jesus ons **vrede het** twee een gemaak.

Jesus het die middelmuur afgebreek.

Jesus destroyed the **barrier.**

Wat is muur – **die wet vers 15**

Vandag is daar ook nog baie **mure**

- Ouderdom
- Voorkoms
- Intelligensie
- Politieke oortuiging
- Finansiële status
- Ras
- Leerstellige oortuigings

Heb. 8:13 “As Hy sê ‘n nuwe verbond, het Hy die eerste oud gemaak; en wat oud word en verouder, is naby die verdwyning.

Heb. 8:13 “By calling this covenant “new”, He has made the first one obsolete; and what is obsolete and aging will soon disappear”

Jesus se dood, graf en opstanding bewerkstellig ‘n verandering in **verbonde**.

Lukas 22:20 “Net so neem Hy ook die beker ná die maaltyd en sê: Hierdie beker is die nuwe testament in my bloed wat vir julle uitgestort word.”

Die ou verbond het tot niet gegaan en ‘n nuwe verbond is betree.

Die doel agter dit alles. **>>>** ‘n Nuwe **skepse**l in **Christus Jesus**.

Efesiërs 2:19-22 “So is julle dan nie meer vreemdelinge en bywoners nie, maar medeburgers van die heiliges en huisgenote van God,
gebou op die fondament van die apostels en profete, terwyl Jesus Christus self die hoeksteen is,
in wie die hele gebou, goed saamgevoeg, verrys tot ‘n heilige tempel in die Here,
in wie julle ook saam opgebou word tot ‘n woning van God in die Gees.”

Nie meer vreemdelinge en bywoners nie, maar medeburgers.

JESUS DIE FONDASIE

In Hom gebeur sekere dinge.

- In Hom ‘n Heilige tempel
- In hom jy ook deel van die tempel

Te veel waarde aan gebou en te min werklike gebou. Jy is die tempel van die Heilige Gees.

Eenheid van die liggaam.

SLOT

EEN NUWE MENSHEID.

NIE MEER JOOD OF HEIDEN - EEN IN CHRISTUS.